# „EEN DISCUSSIE ZONDER EIND"

*'n Antwoord op die jongste Metodologiese veronderstellinge van Dr. F. A. van Jaarsveld.*

„De wereld is een speeltoneel,
Elk speelt zijn rol en krijgt zijn deel".
VONDEL.

Dit was met belangstelling dat ek die artikel van Dr. van Jaarsveld „Geskiedenis en Lewe — 'n Metodologies-Kritiese Opstel" in die jongste aflewering van „Standpunte" gelees het.[1]) In hierdie betrokke artikel van hom trek hy weereens tevelde teen die ‚apologetiese' tendens in die werk van die historici van die „Noorde", by name Prof. A. N. Pelzer, Prof. S. P. Engelbrecht, Dr. Wichmann[2]) asook teen my werk.[3])

Ofskoon hierdie artikel eintlik bedoel word as antwoord op Dr. van Jaarsveld se jongste artikel, moet ek ten eerste daarop wys dat

---

[1]) Standpunte 28, bls. 17—33.

[2]) Pelzer, Prof. A. N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Wordingsjare, Deel 1. (Balkema, Kaapstad 1949.)

Engelbrecht, Prof. S. P.: Geskiedenis van die Hervormde Kerk in Afrika (De Bussy, 1936).

Wichmann, F. A. F.: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838—1860. (Argiefjaarboek, deel II, 1941).

[3]) van Rooyen, T. S.: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882. (Argiefjaarboek 1951, deel I).

bogenoemde artikel van hom inhoudlik nie veel verskil van sy reeds ingenome standpunt ten opsigte van genoemde historici nie[4]). Voorheen is daarop gewys dat die hele opset van sy volgehoue aanvalle op die historici van die „Noorde" subjektief en suiwer apologeties gekleurd is.[5]) In sy jongste aanval is daar egter 'n effense verskuiwing van nadruk en probeer hy historici soos Pelzer en Wichmann nie so sterk koppel met Leyds via Engelbrecht nie, maar groepeer hy hulle in twee afdelings. Wichmann is nou verbonde aan Engelbrecht en Pelzer sou dan as vormgewende inspirasie van my werk gedien het. Dit beteken in elk geval 'n verskuiwing van sy vroeër oorbenadrukte kategoriese stelling met betrekking tot die sogenaamde „Noordelike skool" met as inspirerende beginpunt die „apologeties-geneigde" werk van Leyds.[6]) Sy stelling dat dit 'n tipiese kenmerk van ons Transvaalse historici is om ten eerste apologeties, met ander woorde verdedigend te staan teenoor die goeie reg van die Transvaalse Republiek, word egter behou.[7])

Daar word na die afgelope Republikeinse strewe soos weerspieël in die politieke strukture van die twee Republieke, gegryp om as „arsenaal" te dien vir die opwek van 'n hede-stemming.[8]) Dit bly dus suiwer propagandisties van aard en is in die hoogste mate „onwetenskaplik". Alle teenstrominge teen hierdie Republikeinse gedagte, word as „swart" en „laakbaar" gesien, terwyl alle strominge wat tot hierdie Republikeinse ideaal bygedra het, as „wit" gesien word.[9]) Ons voorstelling van die verlede soos dit tot uiting kom in ons geskrifte is dus „historiesromanties". Ons oordele word op die verlede geprojekteer sonder suiwere belewing van die historiese werklikheid soos geopenbaar in die gebeurtenissamehange van die verlede wat as reste nagelaat is in die vorm van dokumente ens.

In sy reeds genoemde „Eenheidstrewe" vind Dr. van Jaarsveld na aanleiding van die werke van Friedrich Ratzel, E. C. Semple e.a. oor die wisselwerkende invloed van die ruimtelik-omgewende wêreld op die mens en sy politieke lewensvorme[10]) dat hierdie standpunt nog nie in aanmerking geneem is deur ons historici in hul interpretasie van die regionale politieke eenhede binne die Transvaalse grense, veral na 1852, nie. Dr. J. H. Breytenbach sowel as Prof. A. N. Pelzer het

---

[4]) Vgl. van Jaarsveld, F. A.: Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners (Voortrekkerpers, 1951); Apologetiek en Objektiwiteit in ons Kerkgeskiedskrywing (1953); Standpunte 21.

[5]) Die Hervormer, Maart 1953.

[6]) Eenheidstrewe, bls. 13.

[7]) Standpunte 28, bls. 17.

[8]) Ibid. bls. 22.

[9]) Ibid. bls. 22.

[10]) Eenheidstrewe, bls. 17.

reeds aangetoon[11]) dat hierdie opvatting van Dr. van Jaarsveld onhoudbaar is omdat die Transvaalse gemeenskap uiteraard nie onderverdeel was in geografies-afgeslote gebiede nie, maar dat die maatskappy in 'n gedurig vloeiende toestand verkeer het. Daar het eenvoudig nie 'n genoegsame tydperk verloop waardeur die groepe tot 'n afgeslote rus kon kom en die geografies-afgeslotenheid hul geestelik kon beïnvloed het sodat elke gemeenskap 'n eie innerlike strukturele voorkoms na aanleiding van hul geografiese ingeperktheid kon toon nie. Daarby moet daarop gelet word dat genoemde geo-politici die beïnvloedingstydperk oor periodes van eeue stel. Hierdie standpunt is egter uit die vuis uit deur Dr. van Jaarsveld oorgeplaas op 'n jong halfgevestigde gemeenskap met die veronderstelling dat hierdie afgedwonge geografiese teorie 'n werklikheidsbeeld van die Transvaalse verlede sal kan gee. Hy probeer dus die verlede binne die dwangbuis van 'n vooropgestelde teorie *her*-sien en na aanleiding daarvan kan hy sy aanvalle maak op Dr. Wichmann en Prof. Engelbrecht.

Dit is opvallend dat Dr. van Jaarsveld tot dusver sy ingenome metodologies-kritiese standpunt nie ook gaan toepas het op die werke van Dr. G. D. Scholtz en Prof. H. B. Thom nie. As ons egter Dr. van Jaarsveld se maatstaf om hierdie twee historici se werk mee te benader, gebruik[12]) dan val hulle ook binne die kader van die apologetiese „skool" omdat Prof. Thom homself nie kan losmaak uit die goeie reg wat Maritz gehad het om te trek nie en omdat Dr. Scholtz se siening van die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog nie veel verskil van dié van Dr. J. H. Breytenbach nie. Ook staan Dr. Scholtz in sy „siening" van die gebeurtenisse vanaf die Groot Trek, die totstandkoming van die Transvaalse Republiek en die jarelange Britse inmenging in Transvaalse aangeleenthede, nader aan die „apologetiekgeneigde" Leyds as wat hy voldoen aan die teoretiese standpunt van Dr. van Jaarsveld.[13])

Na aanleiding van wat daar reeds voorheen oor Dr. van Jaarsveld se werk en kritiese beskouinge gesê is[14]), het dit dus vir Dr. van Jaarsveld tyd geword om 'n meer volledige uiteensetting te gee van sy teoretiese standpunt ten opsigte van die geskiedeniswetenskap.

---

11) Hervormde Teologiese Studies, Mei 1952 en Inspan jrg. No. 3, Des. 1951.

12) Scholtz, G. D.: Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog. (Voortrekkerpers, 1947. Twee Bande).
Thom, Prof. H. B.: Die lewe van Gert Maritz. (Nasionale Pers, 1947)

13) Scholtz, Dr. G. D.: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, (1ste deel) hoofstukke 1, 2, 3 en
Leyds, Dr. W. J.: De Eerste Annexatie van Transvaal (De Busy 1905).

14) Vlg. Inspan, Jrg. Nr. 3, Des. 1951.
Hervormde Teologiese Studies, Mei 1952.
Die Hervormer, Maart 1953.

(a) *Onvermydelike subjektiwiteit.*

Dr. van Jaarsveld benader die geskiedenis vanuit die prinsipes van die *Relativiteit* en die *Totaliteit* as grondslag in die opbou van die geskiedenisbeeld.[15]) Hierdie beginsel is vir hom „kenmerkend van die bestaanswyse van die vloeiende stroom van vergane lewe".[16]) Die uitgangspunt waaruit die historikus die verlede kan benader, is die hede. Vanuit 'n „kruispunt van bestaan en wording — dit is 'n situasie in sy eie tyd — kyk hy terug". Die historikus is die „snypunt" waarin die verlede, hede en toekoms ontmoet. Noodwendig moet al drie elemente 'n rol speel wanneer die historikus homself met die verlede bemoei. M.a.w. die historikus as mens is onafwendbaar, onontvlugbaar vasgevang binne sy eie hede, waaruit hy dan die verlede beoordeel. Hy bly die kruispunt van die drie momente. Daarby moet ook nog kom die feit dat die groep van die hede-moment se waardevorming en geheelstruktuur vasgelê is deur die deurbreek van die geografiese faktore in die geheelstruktuur van die maatskappy waartoe die individu of historikus behoort.[17]) Dit bring ons gevaarlik naby aan die historiese

Volgens die teorie van die naturalisme word die mens gesien as hulpeloos ingevoeg in die natuurgeheel, hy is volstrek vasgevang binne die groepseenheid en hy as persoon, as individu, is die knooppunt van die objektiewe kragte wat van die groep af uitgaan. In die gestadige gang van dinge word hy meegesleur en word „onder" gedwing deur die magte van sy groep binne 'n tyd-en-ruimte-verband.[19])

Omdat die historikus uit die hedemoment die verlede voorstel en *her*-skep, moet daar dus momente van onvermydelike subjektiwiteit intree. Dit sal in sy oordele oor dokumente en feite tot uiting kom.[20]) Dr. van Jaarsveld gaan verder en verhef die onvermydelike subjektiwiteit tot oorheersende prinsipe; maar omdat alles vloeiend is en dus ook die hede nie 'n konstante nie maar voortvloeiend na die toekoms, bly die interpretasie van die verlede ook nie konstant nie, maar relatief.[21]) Hier sluit Dr. van Jaarsveld weer nou aan by die dialektiese denke van Hegel via Jan Romein.[22])

---

15) Standpunte 28, bls. 17.

16) Ibid, bls. 17.

17) Van Jaarsveld, F.A.: Eenheidstrewe . . . . bls. 17.

naturalisme.[18])

18) Van Schilfgaarde, Dr. P.: De Zin der Geschiedenis, Tweede boek, bls. 5 (Leiden, 1947).

19) Ibid. bls. 5.

20) Standpunt 28, bls. 20—21.

21) Ibid.

22) Ibid. bls. 22.

(b) *Die „Tydgees" en die historiese oordeel*:

Jan Romein sien die historiese voortgang as die ontwikkeling of uitvloeiing van 'n historiese moment vanuit 'n oorspronklike toestand waarin die uitvloeiende moment baie van die oorspronklike in homself berg, maar ook elemente van andersheid in hom opgeneem het.[23]) Geen waardebeginsel, soos byvoorbeeld die Calvinisme, is 'n absolute konstante nie, maar is gedurig aan veranderinge onderhewig sodat, ofskoon daar steeds van die oorspronklike vorme in aanwesig is, die oorspronklike vorm nie bewaar kan bly nie. Romein het egter effens verder gegaan as Dr. van Jaarsveld en het besef dat hy hier op die punt staan om in die naturalisme te verdrink. Hy besef gevolglik dat dit fataal sou wees om die futiele gebondenheid van die mens aan sy omgewingsmoment as eensydige uitgangspunt te aanvaar en besef dat die mens ofskoon omgewingsgebonde, tog kan ingryp in sy omgewing soos hy dit op daardie moment *begryp*. Die menslike gees is daartoe in staat om op min of meer adekwate wyse te kan konstrueer wat daar om hom in die werklikheid gebeur.[24]) Ofskoon hy hier naby 'n dualistiese opvatting van die mens gekom het, bou hy tog voort op 'n dialektiese grondslag en aanvaar hy die standpunt dat die mens en die historikus-as-mens binne 'n eie tyd en omgewing gebonde is en dit is binne hierdie tydsomstandigheid dat hy ook die probleem vind wat hy verhef tot studie van sy onderwerp. Soos hy dit self uitdruk: „De tijd werpt de problemen op: de wetenschap grijpt ze aan en heeft, als zij ware wetenschap is, het geduld om het resultaat met belangstelling af te wachten",[25]) of soos Dr. van Jaarsveld dit stel: „Omdat selfs ook die verlede nie heeltemal „dood" is nie, maar as krag in die hede voortwerk, word altyd nuwe momente van die verlede in die *tydsituasies* as werksaam ondervind, waarna 'n „vraag" of „probleem" opduik."[26])

Daardie voortwerkende „krag" uit die verlede is alleenlik in die menslike gees van die individu behorende tot daardie besondere gemeenskap, volksgroep of nasie wat „gevloei" het uit die oorspronklike situasie, aanwesig en hy sal teenoor daardie verlede dus noodwendig subjektief *moet* staan. Dit is 'n konklusie wat uit die voorgaande argument moet voortvloei. Ek wil gevolglik daarop wys dat as Dr. van Jaarsveld sy maatstaf gebruik het om skrywers soos Buckle, Greene, Macaulay en selfs Ranke mee te meet, hy tot dieselfde konklusie sou gekom het as ten opsigte van die sogenaamde apologete van Transvaal. Die hele teoretiese opset van sy aanval op genoemde Afrikaanse historici hou dus 'n teenstrydigheid in wat 'n mens laat wonder of baie

[23]) Jan Romein: Het Onvoltooid Verleden, bls. 18. (Amsterdam 1948).
[24]) Romein, Jan: Het Onvoltooid Verleden, bls. 18 (Amsterdam, 1948).
[25]) Romein, J.: Tussen Vrees en Vryheid, bls. 66 (Amsterdam, 1950).
[26]) Standpunte 28, bls. 21.

wat reeds deur hom gesê is nie opsetlik vir „sensasionele" doeleindes bedoel is nie.[27]) Dus, volgens Romein en Dr. van Jaarsveld veroorloof die historikus se tyd- en ruimte gebondenheid soos dit tot uiting kom in sy werk, hom om die feitemateriaal van die verlede wat as chaotiese reste daargelaat is, te toets aan die deur die omgewing opgedronge lewensbeskouing en as die materiaal sinvol beantwoord daaraan, dan mag die materiaal gebruik word vir die daarstelling en uitwerking van die teorie, want die teorie is in werklikheid 'n deurbreking van 'n steeds werkende krag uit die voortvloeiende verloop van dinge in die hede. „Reine" intellektualisme bestaan dus nie ten opsigte van die geskiedenisbelangstelling nie.[28]) Daarom word Toynbee se *Study of History* so geweldig aangeprys deur Romein ten spyte daarvan dat daar herhaalde kere op gewys is dat hy uit hoofde van sy vooropgestelde teorieë sy materiaal so gekies en verdraai het dat dit kon aanpas by die teorie.[29])

Samevattend kan Romein en Dr. van Jaarsveld se idee ten opsigte van hierdie bogemelde relatiwiteitsstandpunt ook beskou word as die interpretasie van die verlede uit die heersende tydsgees aangesien die probleme van die verledegebeure deurbreek in die idee en deur die historikus as problem van ondersoek aangegryp word. Dit is hierdie opwerping van die probleem deur die heersende tydgees wat deur die individu aangegryp word en wat aan hom vastigheid gee binne die duiselingwekkende chaos van die skynbaar doelloosheid van die lewenspatroon.[30]) Die probleemstelling is dus geboortig uit die tydgees en dit gee die historikus die reg om na aanleiding van die probleemstelling die verlede te gaan *her*-sien. Tot watter inkonsekwensies hierdie standpunt Dr. van Jaarsveld reeds gelei het in sy poging om 'n teorie in verband met die invloed van die omgewing op die mens in ons geskiedenis toe te pas, is reeds op gewys. Watter waarborg het hierdie soort historikus dat dit, wat hy as opgeworpe probleem van die tyd gebruik om sy verledebeeld daar te stel, nie 'n blote fantasiebeeld is nie? Op die gevaarlike implikasies vervat in hierdie standpunt het Prof. Geyl reeds gewys. Laat ons sy woorde hier duidelikshalwe *in extenso* aanhaal: „En zo meen ik dat het roekeloos gebruik van het begrip tijdgeest, de simplistische onderscheiding in ware en valse tijdgeest, het willen afmeten van iedere geschiedschrijver naar zijn verhou-

---

[27]) Die Voorligter, April 1953. Volgens Prof. H. D. A. du Toit is daar darem in geslaag om 'n mate van „beroering" in sekere kringe van ons land te veroorsaak.

[28]) Standpunte 28, bls. 21.

[29]) Vgl. Hampl. F. Grundzätzliches zum Werke Arnold J. Toynbees. Uit: Historische Zeitschrift, Junie 1952, bls. 449—466.

[30]) Romein het hier — sonder dat Dr. Van Jaarsveld skynbaar daarvan bewus is — die sosialisme aangegryp as reddende beginsel. (Kyk byv. bls. 329, 340 en 87 van „Het Onvoltooid Verleden", a.w.).

ding tot de tijdgeest — ik meen dat heel dit schermen met een inderdaad zo vaag begrip door-en-door onhistorisch moet heten. Als Romein (en Dr. van Jaarsveld kan ek hier byvoeg!) het niet bij een algemene beschouwing liet, maar dit in bijzonderheden ging toepassen, zou hij tot uitkomsten geraken die zich met zijn reddende zekerheidstheorie al heel slecht zouden verdragen. De deugdelijkheid van een historische voorstelling, de grootheid van een historicus, daartoe moeten tal van factoren bijdragen, en daaronder vooral ook persoonlijke, die van de geestelijke positie tegenover de eigen tijd onafhankelijk zijn."[31a)]

Dit was dan ook die bekende Nederlandse historikus Huizinga wat eenkeer verklaar het dat egte historiese belangstelling 'n sekere losheid van die hede veronderstel.[31b)] Hierdie bewustelike losmaak van die individu uit sy omgewingsgebondenheid word 'n rededaad. Die mens, die nie-dierlike of nie-plantaardige is daartoe instaat om homself los te maak uit sy omgewingsgebondenheid en tyd-ruimtelike beperktheid. Die tydgees of omgewing word sodoende buite hom as objektiewe gegewene gestel en by hom is die besef aanwesig dat nie sy omstandigheid nie, maar hyself die begin is. Hy kan redelik *spreek* oor sy omgewing of tyd. Daarin berus sy vryheid, sy eiewaarde en is verganklikheid alleenlik skyn. Sokrates het reeds hierdie standpunt gehuldig. Hy wys op die moontlikheid van kennis onafhanklik van die bestaande geldigheid.[32)] Maar by die redelike mens is daar 'n uiteindelike terugkeer, 'n verval, 'n opgaan in die natuur en omgewing, waardeur Rede en Omstandigheid versoen raak. — Dit kenmerk ook die dialektiese denke en Romein het dit aangevoel maar dit is nie deur Dr. van Jaarsveld besef nie — soos ons hoër op reeds gesien het.

(c) *Die Lewe as gekompliseerde Veelheid.*

Die denkfout wat Dr. van Jaarsveld begaan het was om die lewe, die kruispunt van die verlede en hede, as enkelvoudig en nie as 'n gekompliseerde veelheid te sien nie. Dit moet volgens hom aan die tydsverloop oorgelaat word om 'n verskuiwing van die geskiedenisbeeld mee te bring,[33)] — natuurlik omdat hy die tydgees gaan konsipieer het as 'n eenvormigheid terwyl dit inderwaarheid 'n veelvuldigheid openbaar soos tot uiting kom in die verskil van siening van dinge van individu tot individu, van huisgesin tot huisgesin, gemeenskap tot gemeenskap, nasie tot nasie, ens. Verskille sny kruis en dwars deur hierdie eenhede, en waar daar ook al eenheid bestaan, sny die

31a) Geyl, Prof. P.: Tochten en Toernooien, bls. 160—1, (Utrecht 1950).
31b) Vgl. Prof. P. Geyl se „Reacties", bls. 252 (Utrecht, 1952).
32) Van Schilfgaarde, bls. 6—7 a.w.
33) Standpunte 28, bls. 22.

verskille in die eenheid in. Voortdurend en altyd is daar eenheid en verskil, groei en verbrokkeling, sentraliserende neigings, saambinding, ontbinding, geboorte, groei, afsterwe. Die enkeling word hierin vasgevang en sy enigste sekerheid put hy uit die sosiale saamwees met ander, maar verkeer terselfdertyd in stryd met sy samelewing. Die keuse van onderwerping aan die geheel word gedurig aan hom gestel en reeds in die oomblikke van sy onderwerping word hy vasgevang in die fyn web van verskille wat elke eenheid deursny. Ons westerlinge glo egter dat God aan ons Sy Woord gegee het om soos 'n ligstraal deur die duisternis te breek en ons te lei in Sy lig. Dit was die aanname van die Christelike leer wat aan Europa 'n eenheidswaarde gegee het sodat die fondamente van die Europese beskawing en kultuur geword het 'n Christelike geheelstruktuur. Dit is ook daaraan waaraan ons Europa, ofskoon 'n deel van die res van Asië, onderskei. Dit is daaraan dat Europa sy grense ken.[34]) Lank voordat die ander kontinente van die Boodskap gehoor het en nadat die nabye Ooste en die Heilige Land verlore gegaan het vir Europa, het die Christendom tot die Europese beskawings deurgedring, het dit so diep daar wortel geskiet dat dit, tesame met die Grieks-Romeinse erflating wat daardeur behoue gebly het, die Europese gedagte gevorm het. Selfs in gevalle waar die Europeaan daardie selfde Christelike waardebeskouing verwerp het, het dit tog meer as 'n *naturaliter Christianus* gebly; dit het getrou gebly, selfs onbewus, aan die Christelike kultuurinslag. Waar daar later 'n Christendom buite Europa ontstaan het, kon daar nie 'n Europa soos ons dit ken, buite die Christendom om gewees het nie. Dit was vanuit Europa dat die Kerk uitgegaan het op sy wêreldwye sending.[35]) „Gaan dan heen en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom." Dit was 'n militante boodskap, want daardeur sou die Europeaan 'n poging aanwend om die res van die wêreld te onderwerp aan hierdie absolute waarde. Die wêreld moes dus binne die Europese gedagte gebring word.

(d) *Een discussie zonder Eind.*

Dr. van Jaarsveld sal op hierdie stadium my dit teenwerp dat, uit hoofde van hierdie Christelike Europese eenheidstruktuur, daar 'n eenheid van gedagte, van waardeoordeel in Europa aanwesig moet wees wat 'n eenvormigheid in die historiografiese uitinge sal moet toon en tog kom dit nie so in die praktyk voor nie. Volgens sy naturalistiese dialektiese beskouing, is een oomblik voortskrydend na die ander met 'n telkemale nuwe waarde inslag, sodat die verlede elke keer daar-

---

[34]) Halecki, Oscar: The Limits and Divisions of European History, bls. 7 et seq. (London, 1950).
[35]) Ibid. bls. 15.

volgens *her*-sien word: „Talle beelde van die Tagtigjarige Oorlog is deur *die eeue heen* deur skrywers soos Wagenaar, Bor, Aitzema, Motley en Blok geskep en tog kan in ons *tyd* (ek kursiveer) dieselfde stuk verlede met dieselfde dokumente, maar onder 'n nuwe gesigspunt, „oorgeskryf" word deur Prof. P. Geyl."[36]) Ofskoon dit egter wil voorkom asof daar in Europa 'n uiteenlopendheid van gedagtestrukture bestaan, kan ek hier daarop wys dat die merkwaardige van dit alles is dat ons by al die skynbare uiteenlopende ideëstrominge die oorspronklike eskaton-gedagte as grondtoon terugkry. Selfs Dr. van Jaarsveld se konsepsie van die geskiedenisstroom as toekomsgerig, hou daardie idee in. Ongelukkig kan ek nie dieper hierop ingaan nie, maar ek verwys graag die leser na die werkie van Karl Löwith: „Meaning in History. The Theological Implications of the Philosophy of History."

Prof. Geyl word hier, uit hoofde van Dr. van Jaarsveld se eenheidskonsepsie gesien as 'n persoon wat vasgevang is binne 'n nuwe tydgees, voortskrydend vanuit die vorige maar met 'n nuwe waarde inslag, en dit veroorsaak dat Prof. Geyl die Tagtigjarige Oorlog kon *her*-sien. In werklikheid sien Prof. Geyl die probleem heel anders. Die historiese probleem of selfs persoonlikheid, juis omdat dit staan in die teken van 'n veelvuldigheid van uiteenlopende elemente, moet noodwendig soveel fasette van dieselfde kernwaarheid toon dat die waardeskatting van uiteenlopende historici verskillend sal vertoon. Daarby kom nog by dat die historikus, juis omdat hy in 'n tydruimte vasgevang is wat ook terselfdertyd die snypunt is van absoluut uiteenlopende en deureenlopende magte en waardes wat daardie individue as eenmalige verskynsel binne die geheel raak, sal sy „siening" ook eenmalig wees. Elke historiese voorstelling is noodwendig van verklaring, interpretasie en waardering afhanklik. Die nadruk word gelê op die persoonlikheid as 'n enkele verskynsel, en ofskoon daar 'n mate van eenvormigheid in waardeoordeel by hom en ander van dieselfde tydsomstandigheid aanwesig is — en hier gee ek gedeeltelik aan Dr. van Jaarsveld toe — nogtans is die individu 'n enkeling, nie 'n afspieëling van die „tydgees" nie — en hier verskil ek heeltemal van sy dualistiese beginsel. Die waarheid van dinge vir die individu spruit uit homself uit voort sodat binne dieselfde tydruimte verskillende oordele oor dieselfde probleem gefel word. Elke interpretasie sal verskil; dit word „een discussie zonder eind".[37]) Sodra as wat elke persoon saam met Voltaire kan sê dat hy sy opponent se reg om van hom te verskil tot die dood toe

---

[36]) Standpunte 28, bls. 23.

[37]) Geyl, Prof. P.: Napoleon. Voor en tegen in de Franse Geschiedschrijving, bls. 5 , (Utrecht, 1947).

sal verdedig, dan het hy werklik mens geword; maar wanneer hy met 'n vooropgestelde teorie kom om as maatstaf te dien om sy medemens mee te beoordeel, dan het hy dogmaties geword.

(e) *Geskiedenis en Filosofie.*

Soos ons gesien het, wil Dr. van Jaarsveld sy Relativiteitsbeginsel wat gebaseer is op die dialektiese gedagte, gebruik om ander se werk mee te meet. Die gevaar daaraan verbonde is dat hy deur sy geteoretiseer kontak met die konkrete van die geskiedenis sal gaan verloor, want ofskoon, soos ek hierbo reeds gesê het, die persoonlike element 'n groot rol speel in die waardering van die gegewene, is die persoonlike tog gebonde aan die besondere wetenskaplike beginsels wat eie is aan daardie besondere wetenskap. Anders kry so 'n persoon se werk die voorkoms van louter persoonlike willekeurige bedenksels.[38]) Dr. van Jaarsveld meen dat hy deur sy sisteem van Relativiteit en Totaliteit die panacea gevind het van alle geskiedskrywing, maar „der Historiker wird nicht nur kein logisches System aufstellen können oder wollen, er wird durch sein geschichtliches Denken auch keine systematisch geschlossene und philosophisch einheitliche Theorie aufstellen oder erreichen."[39]) Myns insiens wil Dr. van Jaarsveld te veel 'n sintese bewerkstellig tussen filosofie en geskiedenis.[40]) Ek stem saam met hom dat filosofiese rypheid die moontlikhede van interpretasie van die dokument verhoog en dat die dokument nie uit homself „verstaan" kan word nie, maar dat 'n belewing van die verlede uit 'n reeks geïnterpreteerde dokumente diepgang verleen aan en enigste voorwaarde is vir die moontlike sinvolle samehang van die chaotiese reste van die verlede. Waar ek van hom in dié verband egter verskil is dat waar persone van dieselfde lewensoortuiging die verlede interpreteer, ook verskillende interpretasies moontlik is, vanweë die feit dat nuwe en belangrike gegewens in die vorm van verledereste aan die lig gebring is. So het Bury byvoorbeeld nie besef dat deur die annotasies wat hy aangebring het by die uitgawe van Gibbon se „Decline and Fall of the Roman Empire", toegepas op die teks en interpretasie, in werklikheid in die „siening" van Gibbon se beeld van die verlede 'n verandering teweeggebring is nie. Dit beteken dat die bybring van nuwe gegewens en die bevange persoonlike interpretasie in gedurige wisselwerking met mekaar staan.

---

[38]) Vgl. Dr. Van Jaarsveld se Eenheidstrewe in sy geheel. 'n Mens kan eenvoudig nie 'n vooringenome problematiese standpunt gaan afdwing op die materiaal nie. Die materiaal sal die wetenskaplike, as hy enigsins eerlik met homself wil wees, lei. Sy redelike denke is daartoe in staat om beginsels wat buite om sy eie is en selfs teenstrydig daarmee is,, te „verstaan".

[39])Hofer, W.: Geschichtschreibung und Weltanschauung, bls. 15. (München, 1950).

[40]) Standpunte 28, bls. 32.

Ten spyte van die historikus se vooringenome probleemstelling of siening van die verlede na aanleiding van 'n vlugtige deurgaan van sy gegewens, bestaan daar die *moontlikheid* van verandering van die siening van dinge. 'n Redelike wese is myns insiens nie die absolute slaaf van magte buite hom nie — die Britte is nie deur die eilandbeperktheid van hul land ingeperk nie maar het die omgewingsbeperkinge oorkom deur die tegniek. Dat daar in so 'n geval 'n wisselwerking tussen die geografiese faktore en prestasie bestaan, gee ek toe, maar die wisselwerking is nie eweredig by alle mensetipes nie. Daar is veel meer faktore as net die omgewing wat bydra tot die gesteldheid en reaksie van mensegroepe op probleme.

Die gevaar van 'n arbitrêre filosofiese benadering van die geskiedenis is dat die geskiedenisbeeld primêr vanuit die vooropgestelde veronderstelling sal gesien word of ingedwing word. Meinecke meen dat die historiese betragting homself selfstandig nie kan verhef tot die aanskouing van die algemene en universele nie. Om dit te bewerkstellig gebruik die mens die religieuse of filosofiese as wêreldaanskoulike besinning om eers daardeur tot die historiese denke te kom.[41]) Dit is dan ook waar dat die historikus net soos die filosoof, in hul besinnende momente waarin hulle die geheel van hul materiaal in oënskou neem, poog om daaruit „Deutung" van lewe en mens te vind. Dit wil nie sê dat die historiese denker noodwendig net onder die tipus van die geskiedfilosoof te vinde is nie; wel egter dat filosofiese besinning en historiese betragting die „Voraussetzung ist, um geschichtliches Denken im Sinne unsere Verständniss . . . . hervorzubringen".[42]) Maar dan moet duidelik onderskei word tussen filosofie en geskiedenis en historikus en filosoof. Die geskiedkundige is primêr historikus en sekondêr filosoof. Soos Burckhardt dit stel: „Die Geschichtsphilisophie ist eine contradictio inadjecto; denn Geschichte, d.h. das Koordinieren, ist Nichtphilosophie und Philosophie, d.h. das Subordinieren ist Nichtgeschichte".[43]) Waar daar 'n sintese van die twee is, nl. tussen filosofie en geskiedenis, bestaan die noodwendige gevaar dat hy vir sy adstruksie gedwing is om die feite op willekeurige of andersins aanvegbare wyse te behandel. Dit is dan ook wat by die bekende Croce gebeur het. Hy het byvoorbeeld vir Ranke en Burckhardt van uit sy eie filosofiese denkrigting gaan beoordeel en Ranke is selfs ook genoem 'n apologetiese geskiedskrywer![44])

---

[41]) Hofer, bls. 13, a.w.

[42]) Ibid, bls. 8.

[43]) Burckhardt, J.: Welgeschichtliche Betrachtungen — inleiding. (Bern), 1941).

[44]) Croce: History as the Story of Liberty. (1941) — ad. lib.

In verband met my werk verklaar Dr. van Jaarsveld: „Hierdie kennisresultaat kan egter tot stand kom omdat die skrywer geen *probleemstelling* (ek kursiveer) gehad het waarmee hy die verlede tegemoet getree het nie en daar dus ook nie 'n sinryk samehangende beeld met innerlike eenheid uit die dokumente ontsluit kon word nie. Omdat 'n *probleem* ontbreek, ontbreek ook 'n leidende gesigspunt waarvolgens 'n *keuse* van betekenisvolle feite uit die chaotiese dokumente-wêreld gedoen kon word . . ." [45]) Met ander woorde daar is van my verwag dat ek *gelei* sou word deur 'n vooropgestelde probleemkompleks sodat die dokumente daarby kan „inpas". Eers dan kan daar 'n sinryke samehangende beeld daargestel word. Die innerlike eenheid van dinge is dus 'n ge-konsipieerde of veronderstelde en nie 'n reeds bestaande *buite* die historikus om nie. Die historikus moet dus word 'n *her*-skepper van 'n verlede al is daardie beeld ontdatn van alle werklikheid, instede daarvan dat die historikus gelei word deur die reste uit die verlede om daardeur tot so naby aan die werklikheid te kom as moontlik. Maar omdat soos Dr. van Jaarsveld dan ook tereg opmerk, die verlederes in die vorm van 'n dokument „vieldeutig" is en omdat die historikus tog in 'n mate, maar — en ek stel dit kategories — nie absoluut gelei word deur die tydelike tydgees en persoonlike menswees nie, kan daardie verledebeeld nooit absoluut getrou aan die werklikheid wees nie. Dit kan alleenlik 'n afspieëling daarvan wees. Ook Croce, (of moet ek sê ook Dr. van Jaarsveld) praat van geskiedenisskrywing „sonder probleem" en daarmee bedoel hy en Dr. van Jaarsveld natuurlik geskiedenisskrywing sonder 'n vooropgestelde probleemstelling. Die eerste en belangrikste taak van die historikus is om *historikus* te wees. As historikus is hy in 'n gedurige worsteling met homself en sy tydgees besig in 'n poging om dit van hom af te werp sodat hy *daarteenoor* kan staan. Die aanvaarding daarvan en 'n daaruit ontstane „probleemstelling" is in die hoogste mate apologeties en word dit dan 'n kenmerk van sy werk. Dit is ook wat prof. Pelzer by hom reeds verdoem het.[46]) Waar Dr. van Jaarsveld homself nou verontskuldig deur daar op te wys dat die „visie" van 'n skrywer wat in sy interpretasie beliggaam is, nie „vernietig" hoef te word as gevolg van enkele onjuisthede wat ingesluip het uit hoofde van sy menswees nie,[47]) is daardie onjuisthede juist toe te skryf aan die feit dat Dr. van Jaarsveld se

---

[45]) Standpunte 28, bls. 27.

[46]) Inspan, jrg. 3, Des. 1951

[47]) Standpunte 28, bls. 33. Die feit dat ek hier melding maak van 'n enkele onjuistheid of verkeerde interpretasie, beteken nie dat dit die enigste is nie. Om na aanleiding van Dr. van Jaarsveld se „Eenheidstrewe . . ." 'n lys daarvan op te stel, sal hier 'n afsonderlike artikel beteken, miskien sal dit gerade wees om so 'n artikel later te lewer om juis aan te toon hoedat die historiese werklikheidsbeeld van Dr. van Jaarsveld inpas by sy „visie".

vooropgestelde *visie* of „probleemstelling", daardie besondere feite (vgl. byv. sy interpretasie van die grondwet na aanleiding van die burgeroorlog in Transvaal) by sy konsepsie wou laat *indwing*. Dat dit menslik moontlik is om te fouteer gee ek toe, maar waar daardie foute insluip juis as gevolg van die vooropgestelde „probleemstelling", moet hulle aangewys word en op die rekening van die historikus geplaas word.

Gewapen met sy vooropgestelde „probleemstelling" of standpunt, probeer hy die reeds genoemde historici van Transvaal uitmekaarrafel. Die besondere wapen wat hy hier saam met sy relativiteitsbeginsel gebruik, is sy *Totaliteitskonsepsie*. (Op laasgenoemde kom ons hieronder meer in besonder terug). Relativiteit en Totaliteit — soos hy dit begryp — word as maatstaf gebruik en moet Prof. Pelzer, Prof. Engelbrecht, Dr. Wichmann en my werk daarvolgens beantwoord, of dit word te lig bevind en as „onwetenskaplik" verwerp.[48]) Dr. G. D. Scholtz, in onverwagse oomblikke, wanneer hy homself minder besig hou met die filosofie en vooropgestelde teorieë, aanvaar *nie* Dr. van Jaarsveld se Relativiteitsteorie nie, maar erken die groot rol wat die *rede* as 'n losmakende krag speel. Wanneer die Hollander A. Kaptein 'n werkie oor Suid-Afrika lewer, dan sê Dr. Scholtz hy skryf *objektief* oor Suid-Afrika omdat hy „eers 'n *studie* (ek kursiveer) gemaak het van die land alvorens hy die pen opgeneem het".[49]) Wat dr. Scholtz hier bedoel is dat Kaptein gelei is deur sy materiaal *ten spyte van 'n waarskynlike vooringenome in Europa ontstane standpunt*. Moet 'n mens dr. Scholtz se woorde verklaar uit hoofde van die feit dat Kaptein geskryf het soos Dr. Scholtz onbewus gehoop het hy sal skryf veral nadat die wêreldmark in die afgelope jare so bestook is met werke van skrywers wat 'n gekleurde voorstelling van Suid-Afrika gegee het?

## TOTALITEIT

### (a) *Totaliteit 'n Relatiewe Beginsel.*

Dr. van Jaarsveld se omskrywing van die beginsel Totaliteit is aanvaarbaar. Tereg sê hy dat die dele binne die geheel-struktuur hulself tot die geheel verbind om sodoende daaraan 'n globale eenheidskarakter te gee en sonder die eenheidskonsepsie kan die eenhede as werkende kragte tot die geheel en die geheel tot die dele, nie begryp word nie.[50]) Wat hy egter nie besef het nie, is dat hierdie Totaliteits-

[48]) Vgl. daarmee die hoë lof wat die Nederlandse kritikus W. Coolhaas Prof. Pelzer se werk toeswaai — Tijdschrift voor Geschiedenis — Aflewering 1—2, 1952. Dr. Leyds se werk word deur Dr. van Jaarsveld as apologeties bestempel, terwyl die Britse kritici sy werke aanprys vanweë die wetenskaplikheid daarvan. Vgl. The Tribune, 10 September, 1906 The Speaker, 10 September, 1906 en The Anthenaeum, 10 September, 1920.

[49]) Die Transvaler, 29 April 1953.

[50]) Standpunte 28, bls. 24.

beginsel ook relatief toepasbaar is binne 'n tyd- en ruimteverband. Aangesien hy my werk gaan uitkies het om sy teorie op te toets, kan ons na die werk hier terugkeer.

Voor die koms van die blankes na die Transvaal, is hierdie gebied bewoon deur naturelle wat in Oos-, Noord-, Suid- en Wes-Transvaal in stameenhede saamgegroepeer is. Hierdie stameenhede het gewoonlik op afgesonderde plekke soos in bosryke gebiede en bergagtige landstreke gaan woon uit vrees vir verrassingsaanvalle op hulle. Hier in hul stamgebiede het hulle suiwer in sigselfgeslote geleef en het daar byna geen wesenlike onderlinge kontak tussen hulle bestaan nie, behalwe wanneer hulle verrassingsaanvalle op mekaar gedoen het, of wanneer een stamhoof dit reg gekry het om, deur sy sterkerwordende aanhang, sy magsgebied so verskuif het dat aangrensende swak stamme uit vrees vernietiging sy gesag erken het.[51]) Hierdie gebied was in elk geval beperk. Die totaliteitsbeeld bly dus noodwendig tot daardie besondere stam beperk en as ons enige werkende samehang wil vind, dan moet ons dit in die onderlinge verhoudinge van die stam self gaan soek. In die Oos-Transvaal was daar veral vier stamme wat die aandag getrek het, nl. die Pedi, die Mapokkers, die Swasies en verder na die suide op die grens, die Zoeloes.

Die blankes wat net na 1845 na die Oos-Transvaal gekom het, het bestaan uit klein funksionele groepies wat hulle op Lydenburg, Utrecht en Wakkerstroom gevestig het. By gebrek aan 'n saambindende sentrale bestuur, het hierdie groepe hoofsaaklik hul eie sake behartig en dit was miskien uit hoofde van hul geografies-afgesonderdheid dat selfs die Republiek Lydenburg tot stand kon kom. (Let wel — tot hier volg ek nog suiwer die argument van Dr. van Jaarsveld.) Hier het hulle in kontak gekom met die reeds genoemde naturellestamme en hul bestaansmoontlikheid het afgehang van hul verhoudinge met hierdie betrokke naturelle en in 'n baie *mindere* mate in die geval van Lydenburg, van hierdie groep se kontak met Delagoabaai.[52]) Ons sien dus dat die totaliteitsgedagte homself beperk tot hierdie geografies-afgesonderde groep. Met hierdie naturelle moes daar noodwendig verhoudinge aangeknoop word en 'n „beleid" ten opsigte van hulle daargestel word. Terselfdertyd kom die stameenhede in aanraking met vir hulle 'n vreemde ras naby hul gebied. Hierdie kontak vorm die eerste noodwendige samehang tussen die groepe. As Dr. van Jaarsveld weer die eerste paar bladsye van my werk lees sal hy sien dat dit vir my nie gegaan het om die vraagstuk van die „politieke groeperinge" van hierdie blankes nie, nog minder om wat die werklike verhoudinge

---

[51]) Sien my werk, Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, bls. 88—100
[52]) Ibid. bls. 1—83.

op kerklike gebied was. Dit het vir my suiwer en alleen gegaan om die feit dat hierdie blanke groepe in onderlinge stryd met mekaar verkeer het wat sy inslag oor die *hele* Transvaalse gebied gehad het.[53]) Dit is daarom ook dat hy my die verwyt na die hoof geslinger het dat ek sekere skrywers se standpunt „onkrities" aangeneem het.[54]) Hierdie onderlinge stryd en tweedrag moes noodwendig sy terugslag hê op die onderlinge betrekkinge tussen die blankes en naturelle in die betrokke gebied. Daarby moet gevoeg word dat die *struktuur* wat die samelewingsgroepe in hierdie gebied vertoon het, die sterker wordende stamgroepe beïnvloed het. Om 'n voorbeeld te noem: Die wyse van uitdeel van plase, wat vir Dr. van Jaarsveld voorkom as onnodige opgehoopte gegewens, het daartoe bygedra dat die plase wydverspreid uitmekaar geleë was en kon die naturelle uit hul oorbevolkte stamgebiede tussen die blankes insypel, wat die onderlinge betrekkinge weer verder beïnvloed het.

Wanneer daar uiteindelik 'n sentrale bestuur vir die Transvaal ingestel word, word daar wel 'n algemene beleid ten opsigte van *al* die naturelle oor die *hele* Transvaal daargestel, maar die beleid is so kragteloos en die toestande in hierdie gebiede het reeds so 'n spanningspunt bereik, dat 'n ontploffing noodwendig *moes* volg. Dit gee aan Shepstone die geleentheid om in die Transvaalse aangeleenthede in 1877 in te gryp.[55]) In die jare wat verloop het, het hierdie samelewingsgroepe 'n eie tradisie en houding ontwikkel ten opsigte van die probleme waarmee hulle te kampe gehad het. Dit was eers met die Eerste Vryheidsoorlog dat hierdie groepe finaal opgegaan het in die res van Transvaal.

Daarom het ek ook by die jaar 1882 afgesluit. Daarna het daar weer oorloë teen die naturelle uitgebreek, maar dit het die Transvaal in sy geheel geraak en is die moeilikhede vanuit 'n sentrale regeringsplek onder beheer gehou. Ook was daar geen verdere daadwerklike Britse inmenging nie, behalwe vir die geïsoleerde Swasieland asook met betrekking tot die *Wesgrens*. Net soos Dr. van Jaarsveld deur sy Totaliteitskonsepsie korrek is om 'n ander periodisering toe te pas as wat byv. Prof. Pelzer gedoen het, so het die werkingsamehange van my materiaal my gelei tot die jaar 1882 as die afsluitingspunt van 'n historiese fase uit ons verlede.

(b) *Periodisering.*

Afhanklik volgens die Aard van die Onderwerp wat behandel word.

---

[53]) Ibid. bls. 238—240.
[54]) Standpunte 28, bls. 27.
[55]) Van Rooyen, bls. 279—295.

Soos ons in die vorige bladsye gesien het, moet die Totaliteitsbeginsel ook relatief wees in die sin dat dit *bepaal* word deur die historiese verskynsels. Om hierdie beginsel oor te dra op alle verskynsels, is 'n flagrante miskenning van die onwegredeneerbare feit dat die lewenssamehange vtn die verlede ook „vieldeutig" was. Om die een beginsel die maatstaf te maak vir die afmeet van ander samehangende verskynsels, is om die bestaanbaarheid van daardie verskynsels te misken. In sy „analise" van Prof. Pelzer se werk, moes die werk eenvoudig onder die dwang van Dr. van Jaarsveld se Totaliteitssiening uiteenval en sou dit dus voorkom asof hy ook 'n vertikale indeling van sy materiaal gemaak het, daarom kom dit soos „eiland(e) in die Suid-Afrikaanse wêreld" voor, daarom ook sal my werk voorkom asof die Oos-Transvaal vertikaal van die res afgebaken is „wat nie 'n alleenstaande werkingssamehang vorm nie, en waarvan die struktuurbetrekkinge aan alle kante met die Suid-Afrikaanse Republiek verbind is, nie as sodanig behandel word nie."[56]) Ek gee toe, die Transvaal kan nog as dinamiese sisteem in sy geheel beskryf word, maar dan moes die politieke situasie in die Transvaal eers sy vloeibaarheidstruktuur verloor het. Dit was dan ook Dr. van Jaarsveld wat in sy Eenheidstrewe telkemale en met nadruk daarop gewys het dat daardie vormende jare tot na 1864 'n desentralisasie- en vloeibare periode was met 'n warreling van uiteenlopende „hartstogte" waarin 'n dinamiese voortwerkende eenheid ontbreek het. Dit sou in elk geval eers na 1882 wees dat die regionale blanke groepe ten opsigte van die naturellestamgroepe hulself duidelik kon handhaaf sonder interne versteuring en sonder buite inmenging. Hierdie groepe word ook finaal saamgetrek binne 'n bindende eenheid uit hoofde van die feit dat die groot meerderheid vanuit alle gebiede na Kruger en Joubert opgesien het om leiding. Voor die tyd is die periode afgesluit met die bedanking van M. W. Pretorius nadat hy storms moes trotseer het wat byna te veel vir hom en die jong Republiek was en die bewindsaanvaarding en regeringstydperk van President Burgers wat eenvoudig nie by magte was om die hele regeringsstruktuur saam te vat en te beheer nie, sodat die toestand in die Oos-Transvaal ontploffingspunt bereik het. Dit loop uit op die fiasko van die Pedi-Oorlog en Shepstone se anneksasie van Transvaal. Na 1882 kon daar vanuit 'n sentrale punt beheer uitgeoefen word en kon daar voortgegaan word met die daarstelling van 'n uniforme beleid en toepassing daarvan. Die verskillende regionale groepe het hul volmondige steun hieraan toegesê. Die oorlog van 1900 het dit onderbreek. Periodisering vanaf enige begin en eindpunt bly dus relatief. Waar sommige 1838 as beginpunt en 1899 as eindpunt neem met 1852, 1860 of 1877 as afsluitingsmomente, kan 1845 en 1882 ook as begin en

[56]) Standpunte 28, bls. 27.

eindpunt geneem word met 1879—1880—81 as van insnydende betekenis: Na die vernietiging van die Ndebelemagte betrek die blankes Transvaal en vestig hul te Ohrigstad (Lydenburg) teen 1845 en net daarna,[57]) wanneer vraagstukke ontstaan wat in 1876—77 'n katastrofale ontploffingstoestand veroorsaak.[58]) Die planne wat die regering gesmee het vir die onderdrukking van hierdie opstand, word noodwendig voortgesit deur die Britse outoriteite en voordat die finale afrekening plaasgevind het, het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek.[59]) Die afloop van daardie oorlog het ook hier 'n einde van 'n fase beteken en toe die enigste oorblywende steurende element in 1882 in die vorm van die sendeling Merensky ook verdwyn het, het die hele ontwikkelingslyn oorgegaan in 'n eenvormige stelsel. Van nou af aan tot 1899 word alle beheer gesentraliseer in Pretoria.[59])

(c) *"White Man's View"*

In sy kritiek op my werk het Dr. van Jaarsveld aangesluit by 'n vorige resensie wat Dr. G. D. Scholtz daarop gelewer het.[60]) Die merkwaardige van laasgenoemde resensie is dat hy dit probeer voorstel het asof my werk gegaan het alleenlik oor die politieke en kerklike verhoudinge in die Oos-Transvaal tot 1882. Daarom kon hy ook skynbaar tot die konklusie kom dat ek die Oos-Transvaal vertikaal of hermeties afgesluit het van die res van die Transvaal. Ek sou die Oos-Transvaal dan as 'n selfstandige grootheid gesien het sonder om te besef dat die Oos-Transvaal se struktuurbetrekkinge aan alle kante met die res van Transvaal verbind is. Daarna het hy op 'n heel vaderlike wyse gaan probeer soek na die oorsaak van my „gemis" aan „verstaan" van die geskiedenis en besluit dan dat die oorsaak te wyte is aan die feit dat ek sekerlik nie „enige" studie kon gemaak het van die teoretiese aspek van die geskiedeniswetenskap nie. Ook sou ek my „siening" van die politieke en kerklike botsings feitelik gegrond het op die reeds vir hom verwerplike interpretasie van Prof. Engelbrecht. Ek sou laasgenoemde dan eenvoudig onkrities nagevolg het. Die *indruk* word dus geskep dat my hele werk eenvoudig 'n skaduwee-weergawe is van die werk van Prof. Engelbrecht — maar is dit werklik so?

Daarna moes Dr. Scholtz waarskynlik besef het dat die kruks van die werk eintlik gegaan het oor die verhoudinge tussen die *naturelle*

---

57) Van Rooyen, bls. 1—46, a.w.
58) Ibid. bls. 188—239, a.w.
59) Ibid. bls. 308—333, a.w. Interessantheidshalwe kan ek die leser hier verwys na die stukke van die Superintendent van Naturellesake T.A. no. 177, pp. 1—170. Dit dek die periode 1882—1900. Voor die tyd, veral gedurende die jare 1845—1877, is daar pogings aangewend om 'n sentrale beheer uit te oefen, maar het die toestande hoofsaaklik selfstandig in die verskillende gebiede ontwikkel. (Vgl. my werk „Verhoudinge . . . " bls. 1—240).
60) Standpunte 28, bls. 27 en Die Transvaler, 5 Maart 1953.

en *blankes* en dat hierdie aanraking tussen twee uiteenlopende rassegroepe, wat deur hierdie kontak, noodwendig in 'n funksionele verband tot mekaar sou staan, waaruit strominge en teenstrominge sou voortvloei wat nie alleen die Transvaal as geheel sou raak nie, maar ook deursny tot in Kaapstad en Londen.

Dr. Scholtz was dus verplig om 'n effense frontverandering te ondergaan en in 'n latere resensie moes hy sy aanval op my interpretasie van die stamnaturelle toespits. Daarom kan hy nie begryp waarom ek sou wou voorgee dat die stameenheid na buite en binne 'n eie struktuur vertoon nie. Om te wil gaan sê dat die stamgroep noodwendig homself sou wou handhaaf teen die opdringende blanke invloed en dus te gaan praat van stampatriostisme, is vir hom eenvoudig onbegryplik. Die naturelle van daardie tyd word eenvoudigweg deur hom as 'n klomp „barbare" voorgestel sonder enige gevoel of liefde vir die eie.[61]) Na wat ek in die vorige bladsye gesê het en as Dr. Scholtz se standpunt korrek is, naamlik dat ons ons geskiedenis nie teen die agtergrond van Boer-, Brit-, Bantoe-verhoudinge onderling kan sien nie, daar die Bantoestamgroep nie as 'n eenheid gesien kan word wat na buite sy eie struktuur wil behou teenoor blanke opdringing nie omdat daar eenvoudig nie 'n eenheidsstruktuur by die stam denkbaar is nie, maar dat ons geskiedenis alleenlik gesien kan word teen die agtergrond van Boer- Britverhoudinge met die „barbare" enkel en alleen as steurende element waarop die twee blanke groepe se verhoudinge gebaseer word, *dan moet my werk noodwendig in duie stort.*

Is dit nou waar dat die stam geen eenheidstruktuur vertoon nie en as daar dan wel so 'n eenheidstruktuur aanwesig is, sal die naturel dan nie noodwendig verdedigend daarteen staan nie? Om 'n antwoord op hierdie vraag te vind moet ons die hulp van bekende volkekundiges, persone wat 'n jarelange *studie* van die naturel gemaak het, inroep. Dit sou verkeerd wees om ons eie opvattings en intuïtiewe begrip soos dit gevorm is deur ons terloopse uitwendige kontak met die naturel, die deurslag te laat gee. Die wetenskaplikes wat 'n *studie* van die Bantoe gemaak het, stem egter met my saam dat daar naturellestamme bestaan. 'n Stameenheid word veelal ook onderskei deur die individu of familie-eenheid se gemeenskaplike *trou* aan 'n kaptein of opperhoof.[62]) 'n Ander interessante eksperiment wat die betrokke kritici kan maak ingeval hulle nog nie direkte kontak met die stamnaturelle gemaak het nie, is om hul huisbediendes, as hulle miskien Ndebeles is, te vra

---

[61]) Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden, Deel VII, aflewering 3—4, 1953.

[62]) Vgl. hier Schapera, I: The Bantu-speaking Tribes of South Africa, bls. 65—69, 176, 247—270. (Maskew Miller, 1950). Lees veral die opstelle in hierdie werk geskryf deur W. Hoernle, I. Schapera en W. M. Eiselen.

of hulle Zoeloes is. Die verontwaardigde reaksie van so 'n naturel behoort oortuigend genoeg te wees. Elke individu is 'n funksionele eenheid binne daardie stameenheid en saamvattend vorm dit die stam se politieke struktuur. 'n Bekende Afrikaanse historikus het dan ook onlangs in 'n werk van hom verklaar dat ons in die kontak tussen blank en nie-blank moet onthou dat dit 'n kontak was tussen 'n hoogontwikkelde kultuurras en 'n laerstaande kultuurras elkeen met 'n eie besondere *volksaard* en *karakter*.[63])

Ek gee toe dat die stamnaturel nog nie in staat was om die hele samehang tot 'n konsepsie te rasionaliseer op die *wyse* waarop ons Westerlinge ons sisteme gerasionaliseer het nie maar dat hy 'n diepe besef het van die betekenis daarvan is seker, want daardeur is die reeds genoemde volkekundiges daartoe in staat gestel om deur ondervraging en waarneming, die stamsisteme te *beskryf*. Die naturel het ook nie 'n onmiddellike besef gehad van die gevolge van kontak en beïnvloeding deur die Westerling nie, maar nadat die stam geraak is *deur* die blanke se optrede, gaan hy tot optrede *teen* die blanke oor: Verdrywing van die sendelinge, repudieer van ooreenkomste, ens.

Dit is alleenlik as ons dit so sien, dat ons die diepere betekenis van die historiese kontak tussen blank en nie-blank kan besef. Ons soek dus in so 'n geval nie na die oppervlakkige kousale verbande soos dit uit die dokumente spreek nie, ons is nie meer intuïtief-passief teenoor die dokument nie. Ons besef dan dat 'n dokument alleenlik die aanvangspunt is, dan alleen „blits dit (die dokument) telkens wanneer dit benader word een of ander kantjie oop" soos Dr. van Jaarsveld tereg opmerk.[64]) Ek staan dan egter nie passief teenoor die dokument nie, of soos in die geval van Dr. van Jaarsveld soos hy dit uiteensit, vertrou nie op my intellek soos dit gevorm is deur my omgewingsinvloed en opvoeding nie, maar verruim my kennis eers deur 'n *studie* te maak van my gegewene, roep die ander wetenskappe soos die volkekunde, die sosiologie, die antropologie, die filosofie, die psigologie ens. tot getuie om daardeur tot *hulp* te wees in my interpretasie van die dokument. So word ek deur my *rede* gelei deur selfdissipline om

---

63) Van Biljon, P.: Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika, bls. 1 (1947).
Ons praat dan ook byv. van die politieke sisteem van byv. die Venda, van naturellereg, naturelle-kultuur, naturelle godsdienstige opvattings, ens. Die oningeligte en dus bevooroordeelde praat van barbare, ongeloof, ens. Ten opsigte van bygeloof net nog dit: Sal byv. die Hindoe met sy besondere godsdiens, nie van die Christen se religieuse opvattings praat as „bygeloof" nie? Aan die ander kant het die Romeine weer te maklik en tot hulle eie uiteindelike nadeel na die Germaanse stamme verwys as „barbare". Die opneem van hierdie „barbare" in die Romeinse ekonomies-politieke struktuur het bygedra tot die ondergang van die Romeinse Ryk.

64) Standpunte 28, bls. 31.

buite en bo my omgewingsinvloede en vooroordele uit te styg. Dan eers is ek *vry*. Hierdie ideaal kan nooit absoluut genader word nie, aangesien die omvang van die lewe te groot is, daar te veel skakeringe is, dit te „vieldeutig" is, maar dit is aan die wyse waarop die mens na hierdie ideaal strewe, dat hy *geken* word as nie-dierlike, as nie-plantaardige, maar as goddelike skepping.[65])

Deurdat 'n man soos Potgieter die naturel as vrye funksionele groepe gesien het[66]) wat toegelaat is om in die binneland vry rond te beweeg, kan ons na aanleiding van sy brief en sy latere uitinge die konklusie maak dat hy daarin uitdrukking gegee het aan sy eie groep se reg op onafhanklikheid.[67] By hom was daar strewe aanwesig om 'n nuwe nasie te vorm. Dit blyk dan ook uit sy optrede daarna. Waar hy daar praat van naturellegroepe as „naatsies"[68]) praat die leiers ook in later jare nog van „naatsies" maar waarskynlik uit hoofde van die feit dat hulle daarna verplig was om *self* 'n beleid toe te pas en dus gedwing is om besonderhede van die beleid in ooreenstemming te bring met die stamlewe, praat hulle dan ook van „stamme" en „volke"[69]) Dit is dan ook 'n merkwaardige feit dat die Transvaalse regering, veral na 1882 met die uitdeel van lokasies, die stameenhede as eenheidstrukture gesien het.[70]) Op daardie beginsel het hulle strewe na segregasie berus. Dit was 'n tragedie dat die oorlog van 1899—1902 'n tydelike einde daaraan gebring het. Waar ons vandag weereens apartheid of territoriale segregasie as beginsel wil toepas ter oplossing van ons naturelle-probleem, daar is dit alleenlik 'n uitbreiding op 'n *tradisionele beleid*. Na aanleiding van die wet op Bantoe-owerhede, verklaar verskillende kapteins dat dit te verwelkom is omdat hulle „kinders weer onder hul vlerke teruggebring word". (Die Transvaler, 27 Julie 1953). Dr. Scholtz kan gerus die implikasie daarvan 'n bietjie bepeins.

Dr. Scholtz het eenvoudig net soos Dr. van Jaarsveld, sy beperkte aanvoeling van die probleem, gekleur met sy emosionele opvatting

---

65) „Man will never know himself before he has gained a final knowledge of himself" — Nietsche.

66) R. 30/38.

67) Vgl. Standpunte 28, bls. 31.

68) Vermoedelik ook na aanleiding van die *Britse* gebruik daarvan — Zulu nation, Xhosa nation, Ndebele nation, ens.; of miskien het dit 'n Bybelse oorsprong soos Dr. van Jaarsveld meen. Ons kry egter ook die indruk dat die brief bedoel is vir persone buite die Trek en sou hy versigtig moet wees hoe die filantrope daarop reageer. Hy sou in elk geval nie van hierdie naturelle praat as „Barbare" nie.

69) S.N. 177, pp. 1—170. Die term „kaffer" (sic!) word ook gebruik in die sin dat dit 'n verwysing is na naturelle wat hulle nog nie as stamgeheel onderwerp het aan die blankes nie.

70) Ibid.

van die naturel, gaan gebruik om as maatstaf te dien vir sy oordeel. Daarenteen prys hy die skrywer Kaptein omdat hy eers 'n *studie* gemaak het van ons probleme!

Daardie selfde vooroordele het as maatstaf gedien by Dr. Scholtz se „siening" van die oorsake wat gelei het tot die Pedi-oorlog van 1876. Oor die gebeurtenisse wat tot hierdie moeilikhede aanleiding gegee het, skryf hy as volg: „Sekoekoeni wie se onderdane so ryklik deur Southey van vuurwapens voorsien was, het in 1876 'n uittartende houding teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek begin aanneem. Sake het naderhand so erg geword dat Burgers wat aan die begin van 1876 na Pretoria teruggekeer het, verplig was om 'n kommando teen die weerbarstige naturelle-hoof uit te stuur".[71]) Daar het u nou in sakformaat die meeste historici se siening van blank- nie-blanke verhoudinge. Die naturel is 'n weerbarstige barbaar wat steeds gereed is om na die „opstokery" (na die *waarom* word natuurlik nie gevra nie) van die Britte te luister. Dit word die eenvoudige formule waardeur meeste van die probleme wat die kontak tussen die twee rasgroepe opgelewer het, „opgelos" word. As enigeen dit durf waag om hierdie beskouing te verwerp, al steun hy op die onweerlegbare resultate waartoe 'n *studie* van die onderwerp hom gebring het, dan moet sy siening van dinge verwerp word as „onryp". Geen wonder dat baie opgevoede naturelle Dr. Scholtz en andere se sogenaamde „siening" van die probleem tipeer as „*White Man's View*" nie. Daar sit 'n groot mate van waarheid in daardie bewering!

## BESLUIT

Dr. van Jaarsveld het die fout gemaak om sy besondere opvatting van die geskiedenis as maatstaf te gebruik om die werke van ander skrywers mee te meet sonder om te besef dat juis uit hoofde van die feit dat die lewe self so „vieldeutig" is, soiets tot kennisresultate moet lei wat vreemd is aan die lewe en die werklikheid. Die historikus en kritikus moet 'n ope oog hê vir die *veelheid* van die lewensverskynsels en hy as individu moet vir homself as redelike wese rekenskap gee van daardie lewe en die verlede of sy belangstellingsgebied; nie deur passief te staan teenoor homself en die lewe nie, maar deur 'n poging aan te wend om bo die lewe uit te styg en die verbygegane en verbygaande lewe buite homself te beskou. Dit sal nie absoluut moontlik wees nie, aangesien hy steeds gebind is aan die fyn drade van die lewe wat kruis en dwars deur die gees sny, maar dit sal volgens die mate wees wat hy daartoe in staat is om uit te styg dat hy beoordeel sal word.

---

71) Scholtz, G. D.: Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, bls. 83, eerste band. (Voortrekkerpers, 1947).

Omdat die enkeling 'n eenmalige verskynsel is binne die lewe en omdat die lewensverskynsels in hom 'n kruispunt tref wat aan hom alleenlik 'n enkelvoudige afskynsel van die werklikheid openbaar en wat nie meer by enige ander individu so voorkom nie, sal sy siening van die werklikheid ook eenmalig en nie-meer-voorkomend wees nie. In hom het 'n stukkie werklikheid verkristalliseer om weer saam met hom uiteindelik in die niet van die geheel te verdwyn. Daarom word die debat oor die lewe nooit afgesluit nie, bly dit „een discussie zonder eind".

Die historikus is van oordeel dat die hedemoment of omstandigheid onbestaanbaar is sonder 'n reeks vroeër bestaande momente waarin die lewensverskynsels kruis en dwars deurgesny het; werklikhede wat ontstaan en verdwyn het. Die terloopse ontdekking van 'n dokument op 'n verafgeleë sendingstasie, 'n bouval op een of ander uithoek van die wêreld, prikkel die belangstelling, sodat die historikus verder soek en deur gebruikmaking van alle tegniese hulpmiddele tot ons beskikking, uiteindelik daarin slaag om 'n vergete, 'n vergane stukkie lewe weer te herskep en uit te bou tot die grense waar dit ineenvloei met ander lewensmomente en vorme, sodat dit inpas volgens sy eie persoonlike bevrediging, binne die raamwerk van die verledestruktuur. Wat weg, verdwene en „dood" was, word weer lewe ingeblaas sodat die hede teen 'n breër agtergrond van „wording" gesien kan word. Daarom ook dat die skeppende arbeid van die historikus, net soos in die geval van die digter, in eensaamheid geskied. Eers nadat sy werk verrig is, keer hy tot die „lewe" terug en vind dan ook dat baie van wat hy in die verledebeeld aanskou het en soos hy dit weergegee het, uit sy eie menswees (lewe) voortspruit. Daarin lê die tragiek van die historikus.

„Hoe sal jy slaap en eet en woon
— jy met jou helder wil wat kwel —
en menslik bly en geen ding hoon
in die gloeilamp van my klein wit sel?"

N. P. van Wyk Louw.

T. S. VAN ROOYEN.